

**Vrydag 3 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:18-27; Heidelbergse Kategismus Sondag 12, v/a 32**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:20, 27**

**Ek het deel aan Christus se salwing**

Die naam Christus beteken “gesalfde”, en omdat ons Christus se Naam dra en sy Gees leef en werk in ons, is ons ook gesalfdes. Om gesalf te wees, beteken dat iemand geseën is of in staat gestel is om ’n sekere diens te verrig. Christen is dus nie net ’n erenaam wat die gelowige dra nie, maar ook ’n diens wat hy of sy moet verrig.

Nadat Christus die aarde verlaat het, het Hy ons met die Heilige Gees geseën. Nou is Christene gesalf, uitgekies om ’n spesifieke diens te verrig in God se koninkryk. Hierdie diens wat ons nou moet verrig, is om Jesus Christus, ons Verlosser, elke oomblik van elke dag in gehoorsaamheid te volg. Dit beteken dat ons onself sal laat lei deur sy Woord en Heilige Gees sodat ons in sy waarheid sal leef.

In hierdie laaste dae voor Christus se wederkoms sal dit vir die Christen met tye moeilik wees. Daar sal baie valse leraars wees wat sal ontken dat Jesus die Christus of Gesalfde is, maar ons word opgeroep om te hou by wat ons weet: Jesus is die Christus, die Gesalfde, ons Verlosser. Deur ons geloof in Hom wat die Heilige Gees skenk, is ons gered. Die Woord van God is en bly altyd waar.

Laat ons daarom as getroue gesalfdes leef wat altyd vashou aan ons Gesalfde Koning, die Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 92-1:2, 5*

*Ds. P Hattingh (Philip) (Bloemhof/Christiana)*